DRAKIENUUS

SKOOLHOOF:
Mev. E. Neethling (waarnemend)

KANTOOR:
Mev E van der Westhuizen –
FINANSIES & KLEREBANK

Mev E van der Bank –
LEERDERADMINISTRASIE

Me N Heugh -
ALEGEMENE NAVRAE

Tel: 021-872 4975
Epos:
admin@laerskooldrakenstein.coza
Web: www.laerskooldrakenstein.co.za

BANKBESONDERHEDE

Nedbank: 1470052504

Takkode: 147005

Naam van Rekening: Laerskool Drakenstein

Kind se naam, van en graad as verwysing
asseblief

UIT DIE KANTOOR

SBL: 2021 - 2024
Ons SBL verkiesingsproses is afgeteken deur die verkiesingsbeampte wat deur die WKOD aangestel is. Die proses het glad verloop. Dis vir ons aangenaam om aan die volgende persone baie geluk te sê met hulle ongelooflike belangrike taak as beheerliggaamslid om Laerskool Drakenstein te verteenwoordig.
Eldri Neethling (Waarnemende Skoolhoof)
Terrence Adonis (Voorsitter)
Careen Jacobs (Onder-Voorsitter & Leerder- en Personeel-aangeleenthede)
Faheem Crombie (Infrastruktuur: Geboue en terrein)
Yolandi Paul (Tesourier)
Francois Sampson (Bemarking)
Nicole Heugh (Sekretaresse)
Nelius Rossouw (Leerder- en personeelaangeleenthede)
Ronel Maass (Nasorg)

Die eerste vergadering van die nuwe SBL het al plaasgevind waar die verskillende ampte verkies is soos hierbo uiteengesit.
Die oorgeevergadering vanaf die ou SBL na die nuwe SBL vind plaas op Dinsdag, 30 Maart 2021 om 18:00 in die personeelkamer.

Baie sterkte aan die nuwe SBL. Alle besprekings en besluite sal gedoen word in belang van die skool om ons skool, ten volle as ‘n waardegedrewe skool, te laat funksioneer.

TROLLIEPROJEK
Dankie aan almal wat al deelgeneem het aan dié fondsinsamelingsprojek. Ons moedig steeds alle leerders aan om betrokke te raak. Daar word van elke leerder verwag om ten minste een vorm te verkoop. Baie vorms is steeds uitstaande. Die projek sluit 6 April. Die trekking sal op 13 April plaasvind.

…….. UIT DIE KANTOOR

PAASEIERPROJEK

Ons paaseierprojek het vandag gestop. As waardegedrewe skool kom ons “Omgee en Burgerskap” sterk na vore as ons kyk na die hoeveelheid paaseiers wat ons ontvang het vanaf leerders. Die projek het die gemeenskap geraak en selfs besighede het betrokke geraak met die projek deur paaseiers te skenk aan die skool. Baie dankie aan Doves Begrafnisdienste vir hul onbaatsugtige skenking in die verband. Ons sal dus by 13 instansies in die gemeenskap kan paaseiers aflewer vir minder bevoorregtes. Die uitdeel van die paaseiers sal plaasvind op Woensdag, 31 Maart 2021.

BESOEKERS

Volgens wetgewing mag skole geen besoekers gedurende die dag ontvang nie. Met ‘n bekommerde hart wil ons vir u as ouers vra om deeglike beplanning te doen. Daar is te veel ouers en besoekers wat gedurende die skooldag leerders se kospakkies, take en LO klere kom afgee by die kantoor. Dit gaan nie meer toegelaat word nie. U moet toesien dat u kind sy / haar benodighede soggens saambring skool toe. Ons leerders se veiligheid en gesondheid is van uiterse belang, dus vra ons u samewerking in die verband.

PAASNAWEEK

Die komende 2 weke is kort weke. Vrydag, 2 April 2021 en Maandag, 5 April 2021 is vakansiedae. Dit vorm deel van Paasnaweek. Daar gaan nie ‘n Drakienuus volgende week uit nie. Ons wens u ‘n voorspoedige Paasnaweek toe.

Gr. 4-7 leerders moet deeglik voorberei vir die toetsreeks wat na Paasnaweek op Woensdag, 7 April begin.

LAATKOMMERS

Leerders wat soggens laat kom plaas geweldige druk op akademiese vordering. Die WKOD begin ook vrae vra oor leerders wat laat kom. Hulle kan dit op die stelsel sien, aangesien die skanderingsprosesse en teenwoordigheidsregisters daagliks en direk aan die WKOD deurgestuur word. Dis uiters onaanvaarbaar! Indien u vervoerprobleme ondervind, is dit u as ouer se plig om te reël met die vervoer om u kind betyds by die skool te besorg.

TOELATINGS 2022

Die aansoeke vir toelatings in 2022 sluit op 1 April 2021. Graad R-leerders wat Drakies is, hoef nie te registreer op die WKOD se webtuiste nie, tensy u aansoek wil doen by ander skole. Ons Gr R-ouers sal volgende kwartaal ‘n verkorte aansoekvorm vanaf die skool kry om te voltooi. Dit sal u plek verseker vir 2022 in graad 1.

LIEF EN LEED

Baie geluk juf. Lumari met jou verjaarsdag op 31 Maart. Hoop jy word lekker bederf!

Ons dink ook aan juf. Abby-Gail Clayton wat haar ouma verloor het hierdie week. Ons wens julle sterkte toe!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan ons maatjies wat verjaar!

30 Mrt	Caillee Denyssen, Elshawn Fortuin
1 Apr	Rogue Jacobs, Tyra Josephs, Kaynique Huyster
2 Apr	Keesha Maarman
3 Apr	Mea Andrews
4 Apr	Carlsson September, Simoné Oosthuizen
5 Apr	Leigh Jacobs
7 Apr	Zeke Ockhuis, Noah Meyer
9 Apr	Romano-Luke Jacobs
10 Apr	Ryan Lebitsa
11 Apr	Luke Hartman

WAARDES

-OMGEE-

Ons skool streef daarna om leerders toe te rus met lewensvaardighede wat hulle binne en buite die grense van die skool kan toepas en uitleef. Ons skool se leuse sluit daarby aan: Elke dag ons beste! Gee jou beste en gee om vir jou skoolwerk, dissipline, vriendskaplike verhoudings en ook vir jou onderwysers.

Daar is in alles 'n regte en verkeerde pad... Kies altyd reg. Kies omgee! Gee jou beste elke dag!

INTERSENFASE

Baie dankie aan ons leerders wat al baie mooi take ingegee het. Die graad 6-leerders het brood gebak en die resultate was baie lekker!

Binnekort begin die toetsreeks. Ons verwag dat ons kinders hulself goed sal voorberei.

Ons vra ook ons ouers om toe te sien dat ons leerders met die korrekte drag skool toe kom en ook reg aangetrek is vir sportoefeninge. Elke kind moet trots lyk en wees.

Dankie vir al die leerders wat so baie paaseiers saamgebring het. Ons waardeer dit en glo die paaseiers gaan baie mense se harte bly maak!

- N Rossouw

BELANGRIKE DATUMS

BELANGRIKE DATUMS

MA 29 MRT	--
DI 30 MRT	--
WO 31 MRT	--
DO 1 APR	TUISNAWEEK
VRY 2 APR	GOEIE VRYDAG – PAASNAWEEK
MA 5 APR	GESINSDAG - PAASNAWEEK

SPORTNUUS

Sien asseblief meegaande skrywe oor sport.

- Mnr Rian Rautenbach

INDIVIDUELE FOTOS

Die leerders het 'n koevert ontvang met 'n voorbeeld van hulle individuele foto. Op die koevert is ook 'n lys van al die moontlike bestellings wat geplaas kan word.
Die bestellings moet so gou as moontlik na die skool gestuur word.

Die sluitingsdatum vir die fotobestelling is
1 APRIL 2021.
GEEN LAAT BESTELLINGS NIE ASSEBLIEF!

Indien u die foto wil bestel:
1. Plaas die korrekte bedrag in die koevert (geen kleingeld word gegee nie)
2. Merk voor op die koevert presies wat u bestel het.
3. Stuur dit na die klasonderwyser wat dit op die klaslys sal afmerk.

Ons vra asseblief dat u seker maak dat u kind se naam korrek op die koevert gespel is. Enige veranderings kan op die koevert gemaak word, sodat Prestige dit kan sien wanneer hulle die koeverte ontvang. - *Juf Julia Joubert*

grondslagfase

Baie dankie vir al die ouers se ondersteuning. Dit gaan goed in die Grondslagfase. Ons is tans hard aan die assesseer. Moet dus nie u kind onnodig by die huis hou nie.
Woeker asseblief met die trollieprojek se vorms. En onthou ook die fotogelde asseblief.
Die klerebank het ook nuwe klere ingekry. Trek dus asseblief u kind korrek aan.

Mooi naweek vir almal.

NASORG
Hannepie Smit.
082 403 4171
nasorg@laerskooldrakenstein.co.za

LAERSKOOL DRAKENSTEIN

Telefoon: 021 872 4975
Faks: 021 872 4114
drakensteinps@telkomsa.net

Muscadelstraat, Denneburg
PAARL
7646

26 Maart 2021

Geagte Drakie-ouer
Soos in die Drakienuus van 19 Maart 2021 deurgegee, het ons hierdie week met wintersport begin. Daar is nog geen veranderinge aangebring aan die huidige direktiewe wat ons van die WKOD op 12 Februarie 2021 ontvang het nie. Daar mag dus steeds geen toeskouers by oefeninge wees nie.

Ons oefeninge vind onder streng protokol plaas soos verlang van die WKOD. Die leerders se hande word gereinig voor en na elke oefening en geen kontak word gemaak nie. Die toerusting wat gebruik word, word ook na elke oefening gereinig. Soos in die Staatskoerant van 12 Februarie 2021 mag geen-kontak oefeninge plaasvind nie.

Die volledige uittreksel van die Staatskoerant van 12 Februarie 2021 is as volg:
"11. Sport and extracurricular activities
(1) Subject to sub-direction (2) and in compliance with social distancing, hygiene and safety measures to prevent and combat the spread of COVID-19, non-contact sport training and matches, non-contact sport-related activities and all arts and culture school-based activities in schools, may resume without any spectators."

Soos in die skrywe ontvang vanaf die Suid Afrikaanse Skole Rugby Assosiasie op 24 Maart 2021 is daar aangevoer dat SARU toestemming gekry het om soos genoem in die Staatskoerant van 12 Februarie 2021 voort te gaan met geen-kontak sportoefeninge.

Die volledige uittreksel van die Suid Afrikaanse Skole Rugby Assosiasie van 24 Maart 2021 is as volg:
"All provincial associations and their member schools are reminded of the process that must be followed when permission are given for contact training and matches, eventually. The guidelines given below are to ensure a safe return to play. They are directives from SARU. Please ensure strict compliance.

- 12 February 2021 permission was granted return to non-contact training. Must have completed at least 4 weeks of non-contact training before a return to contact training.
- We are currently in week 6, so as soon as permission is granted by the DBE, physical contact training can begin immediately (provided a minimum 4 weeks of non-contact training has been completed).
- Return to contact training for 4 weeks once permission is granted.
- Return to play can commence 4 weeks after physical contact training is completed.
- Rugby trials are considered as contact play.
- Tag and Touch rugby at school still meets the low threshold of physical contact as stipulated by the DBE and so can only officially resume at school once the DBE gives the go ahead for physical contact to take place."

Gevolglik beteken dit dat wintersportoefeninge (rugby en netbal) mag voortgaan, mits geen kontak plaasvind nie. As gevolg hiervan is daar tydens 'n sportvergadering besluit om met wintersportoefening te begin en slegs op fiksheid en vaardighede te fokus. Op hierdie manier vind daar geen kontak plaas nie en voldoen ons aan die voorgeskrewe reëls van die WKOD, asook die landswette.

Sportgroete

Rian Rautenbach
Sporthoof

Eldri Neethling
Skoolhoof